

## 23 Januarie - BASUIN\*

**Skrifgedeelte: Hebreërs 4:1-11**  
**Fokusgedeelte: Hebreërs 4:1, 11)**

**V**olgens Numeri 10 het basuine 'n besondere betekenis gehad, sodat net priesters daarop mag geblaas het. Die skerp deurdringende klank was vir hulle simbolies van God wat praat. Elke geluid was 'n boodskap van God; sy stem!

Die trompetgeskal het vroegoggend op die fees van die trompette (die eerste van die sewende maand) begin met 'n besondere lang, harde geskal wat wou sê: 'n nuwe bedeling het aangebreek – God se tyd om te rus in die land van seëninge, melk en heuning het aangebreek!

Die eerste stad wat ingeneem is, het onder basuingeklank inmekaar gestort: God se nuwe bedeling het vir sy kerk aangebreek – oordeel oor heidene en toegang tot die beloofde land vir gelowiges.

Trompetgeskal het by die Jode ook 'n toekomsverwagting geskep. Volgens Joël 2:1 en Sefanja 1:14-18 sou die dag van die Here met basuingeklank kom – vir God se vyande 'n dag van oordeel; vir God se kerk: uitkoms en rus.

Openbaring verwys na die vervulling van die fees. Op Patmos hoor Johannes die stem van God wat klink soos basuingeskal; God het gepraat.

Openbaring 8-11 vertel van die sewe basuine waarmee God 'n nuwe tyd vir die kerk wat Hy so duur gekoop het, aankondig: heerlike rus vir God se volk. Die voorspellings in Joël en Sefanja word waar: 'n dag van oordeel vir die goddeloses, soos by Jerigo, maar vir die gelowiges ingang in God se rus deur ons Here Jesus!

Ons samelewing is teen hierdie rus gekant; mense jaag; daar's geen rus vir liggaam of siel nie. Die dae het nie genoeg ure nie, die week nie genoeg dae nie; daarom moet ons op Sondae persoonlike agterstande inhaal ... Weer is daar geen rus nie – nie vir jou liggaam of jou siel nie, en sonder die Heilige Gees word dit 'n lewe sonder basuingeklank, sonder God se stem, sy Woord; sonder gebede of verhoring daarvan.

*Sing: Psalm 95:1, 3*

*Ds PK Lourens (Bloemfontein)*

\* basuin: groot trompet met harde klank